# <u>Voorwoord:</u>

Oneindig groot en kosbaar is die Skatte en die rykdom van God se Woord! Hierdie kosbare bedieninge van Sy Genademiddele, kan die natuurlike mens nie bereken nie. Om iets hiervan te begryp, moet ons, deur die krag van Sy Woord en Gees, van ons sonde en ons ongeregtigheid oortuig word, ja, ons moet volkome bewus word, van die verlore en natuurlike-staat, waarin elke mens homself bevind, vanweë die erfsonde in die eerste Adam en die eie sonde, wat ons daagliks, gewilliglik daaraan toevoeg. Geen mens kan of het die begeerte, om homself vanuit hierdie verlore staat van ellende, te verlos nie! Dit is hierdie suiwere Leer, wat die natuurlike mens nie kan verdra nie, want die mens wil gedurigdeur in sy eiegeregtigheid roem. Die Verlossing is die soewereine werk, van die Drie-Enige-God, want, bevestig die woorde, in Rom. 11 vers 36:

**"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."**

**<u>Uit Hom!</u>** God die Vader, het in Sy ewige Raad, na Sy vrye wil, 'n sekere aantal mense, vanuit die ganse mensdom uitverkies, ja, Hy het hulle vanuit hulle natuurstaat oorgebring, in Sy Genadestaat in Jesus Christus. In Kol. 1 vers 13, word dit bevestig met hierdie woorde:

**"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,"**

**<u>Deur Hom!</u>** Alleen deur die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus, is daar verlossing, genesing en vergifnis van sonde en ongeregtigheid, want, bevestig die woorde, in vers 14:

**"in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."**

**<u>Tot Hom!</u>** Hierdie Verlossingswerk in Christus, word alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, in die vernuwe-hart van die uitverkorene bevestig. Reeds in die Wet van die Here, word hierdie soewereine Verlossingswerk van God bevestig, met hierdie woorde:

**"Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."**

Dit is die suiwere Leer van die Evangelie, die Verlossing in Jesus Christus!

Wanneer ek nou as 'n eenvoudige boer, hierdie suiwere Leer in die Lig van God se Woord oordink, sien ek in my geestesoog, 'n treffende ooreenkoms tussen die daaglikse bedrywighede van die landbouer en die wonderdade van ons hemelse Vader. 'n Getroue landbouer voed en versorg sy skape na die beste van sy vermoë, hy bewaar en beskerm hulle teen die dreigende gevaar. Tot beskerming en beveiliging, span hy 'n lyndraad tot hulle behoudenis. Hierdie lyndraad is 'n sigbare skeidslyn, om sy skape af te sonder. Om hierdie heining tot stand te bring, moet daar eers 'n vaste ankerpaal gevestig word. Hierdie ankerpaal word uiteindelik met 'n soortgelyke ankerpaal verbind. Tussen hierdie ankerpale word daar verskeie trek- en ysterpale, deur die eienaar geplant, om die lang lyndrade gereeld weer styf te trek. Tussen hierdie ysterpale word sparre vasgemaak, om die drade eweredig en lyn-reguit te span.

In hierdie lyndraad sien ek die Grootheid van God se Verlossingswerk in Jesus Christus, ja, ek sien Sy wonderbare werke, hoedat Hy die ware Kerk deur al die eeue, in Christus onderhou en bewaar. Dit is 'n vaste en 'n sigbare lyn wat dwarsdeur die Bybel loop. Die ewige en die onwankelbare Ankerpaal, Jesus Christus, Hy het na hierdie gevalle wêreld gekom, tot redding en tot die behoudenis van die uitverkorenes. Die Ankerpaal is in hierdie grond geplant, ja, Hy het Sy ewige heerlikheid verlaat en die gestalte van die mens aangeneem, behalwe die sonde! Die suiwere Evangelie van Verlossing is in Hom, die Vaste Fondament van die Saligheid gegrondves, niemand kan buite

Hom vir die ewige geluksaligheid behoue bly nie. Geen lyndraad, kan sonder ’n vaste Ankerpaal behoue bly nie! Hy is die onwankelbare Ankerpaal, die Alfa en die Omega, die begin van die lyndraad en ook die einde daarvan! Hy maak skeiding tussen murg en been, ja, in Hom is die ewige geluksaligheid vir Gods volk. In en met ’n vaste en doelgerigte lyn, is God met Sy uitverkore Kerk in Christus, onderweg om op ’n bepaalde tyd, die Saligmaker en Verlosser te ontmoet! Uit Hom, deur Hom en tot Hom, is alle dinge!

Tussen hierdie Ankerpale, ja, Hy wat is en wat was en wat weer kom, staan daar verskeie trekpale, oor ’n lang afstand deur die eeue heen! Trekpale wat deur die Eienaar self geplant is, tot behoudenis van hierdie lyndraad, die uitverkore volk van God in Jesus Christus. Daar is verskeie uiters belangrike trekpale deur die geskiedenis, trekpale waar God die lyn van die Waarheid weer self styf trek. Dink maar aan die trekpaal van die Waldense, die trekpaal van die Reformasie, op 31 Oktober 1517, waar Hy opnuut weer die suiwere Leer van die Evangelie, deur die krag van Sy Woord en Gees bevestig het. En indien ek dit sou verswyg, sal die klippe dit uitroep, dink maar aan ons geliefde vader Smytegelt, ’n trekpaal in die geskiedenis van ons Voortrekkers. ’n Begenadigde van ons Hemelse Vader, in die suiwere bedieninge van Sy Genademiddele, waarin en waardeur ons die onuitspreeklike rykdom van Sy Woord ervaar. En die sparre? Die eienaar gaan haal hulle uit die doringbosse van die natuur, onooglik en krom is hulle, vanweë al die sytakke, vergroeisels en die knoetse! Hulle moet eers reggesny en voorberei word, om diensbaar te wees. So is dit ook met die uitverkorene, hy word ook vanuit sy verlore natuurstaat verlos en deur die krag van die Woord en Gees bewerk en voorberei, om uiteindelik diensbaar te wees, in die dinge van God se Koninkryk. Hierdie lyndraad moet ook gedurig, deur die eienaar in standgehou word, die sparre gaan los of gaan lê skeef, en dan moet dit deur die wakende oog en versorgende hand van die eienaar, weer opgetel en verbind word. So moet die uitverkorene ook gedurigdeur, in die Waarheid van God se Woord, versorg, onderhou en versterk word. Hierdie lyndraad van die Eienaar, dien ’n uiters noodsaaklike doel, dit dien tot beskutting, beskerming en bewaring, van Sy kudde!

Mag hierdie Preekbundel, deur die kragtige werking van die Woord en Gees, die suiwere Leer van die Verlossing in Jesus Christus, in die hart van die leser grondves, sodat hierdie allernoodsaaklike belydenis in Openb. 7 vers 12, ook ons hartlike getuienis in hierdie wêreld sal wees:

**“Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.”**

Die lof, die eer en die heerlikheid behoort aan ons Hemelse Vader, Hy gebruik krom en stukkende sparre, waarvan ek die kromste is! Hy berei hulle voor, deur die krag van Sy Woord en Gees en Hy maak hulle gewillig en diensbaar, terwille van die Waarheid van Sy Woord. Alleen deur Sy ontfermende Genade, kan ek Hom dank, vir die rykdom van Sy Genade in Jesus Christus, my Here, deur die kragtige werking van Sy Woord en Gees!

Opregte dank en waardering aan elke lidmaat van die Oud-Gereformeerde gemeente van Theunissen, dankie vir elkeen se bydrae en ondersteuning, in die Stryd vir die suiwere Leer van die Evangelie. Dankie, vir elkeen wat elke Sondag inskakel, die erediens telefonies aanhoor en daarna ’n boodskap van waardering en versterking stuur, dit is ’n dankbare bevestiging, dat die pyle van God se Woord, die toehoorders sekuur tref! ’n Spesiale woord van dank aan my geliefdes, my geliefde vrou Helena, my kinders en kleinkinders, vir elkeen se liefde en bemoediging, ja, dit is wat ’n stukkende erdekruik soos ek, staande hou! Dankie vir julle bereidwilligheid, julle betrokkenheid en verantwoordelikheid. Dankie Helena, Sakkie en Callie, vir julle hulp en opoffering, om hierdie Bundel op te stel en uit te lê. Ook ’n Woord van dank aan my broer I. J, en sy gesin, dankie vir julle ywer in die wingerd van die Here, jy ’n broer in die vlees, maar deur die Genade, is jy vir my ’n ware broer in die Gees, daarvoor dank ek die Here! Graag wil afsluit, met hierdie baie belangrike woorde, in Filip. 2 vers 13:

**“want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.”**

Die begenadigde vertaler,

Oudl. Manie Earle.
Oud-Gereformeerde Kerk,
Kalkfontein,
THEUNISSEN.
O.V.S.

0844107117.

1. Die kragtige gebed van die regverdige. bl.9
Jakobus 5:16-18

2. Hoe sug die vee. bl.18
Joël 1:18-20

3. Die dodelike siekte van die mens. bl.26
Jesaja 38:14

4. Die siekte van die goddelose. bl.34
2 Konings 1:15-17

5. Die genesing van die begenadigde. bl.41
Jesaja 38:16,17

6. Die goddelose wat van sy siekte herstel is. bl.48
Johannes 5:14

7. Aan die einde van die jaar. bl.56
Psalm 34:5-7

8. Nietig is die mens. bl.63
Psalm 34:6

9. Die mens wandel as skadubeeld.
bl.70
Psalm 34:7

10. En daar was ’n ryk man. bl.78
Lukas 16:19

11. En daar was ’n bedelaar met die naam van Lasarus. bl.86
Lukas 16:20,21

12. Deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. bl.93
Lukas 16:22

13. Terwyl hy in smarte was. bl.100
Lukas 16:23

14. Ek ly smarte in hierdie vlam. bl.108
Lukas 16:24

15. Hy word getroos en jy ly smarte. bl.116
Lukas 16:25

16. Daar is ’n groot kloof tussen ons en julle. bl.124
Lukas 16:26

17. Want ek het vyf broers. bl.132
Lukas 16:27,28

18. Hulle het Moses en die Profete. bl.139

Lukas 16:29

19. As iemand uit die dode na hulle gaan. bl.147
Lukas 16:30

20. As hulle na Moses en die Profete nie luister nie. bl.154
Lukas 16:31

21. Afsluiting van die Gelykenis van Lasarus. bl.161
Lukas 16:19-31

22. U regteroog u laat struikel. bl.168
Matthéüs 5:29,30

23. Dawid hef sy oë op na die Hemel. bl.175
1 Kronieke 21:16

24. Dit is beter in ’n klaaghuis. bl.182
Prediker 7:2

25. My seun, gee my jou hart. bl.190
Spreuke 23:26

26. Hierdie God is onse God. bl.197
Psalm 48:15a

27. Hy sal ons lei. bl.205
Psalm 48:15b

28. Altyd by die Here wees. bl.212
1 Thessalonicense 4:17

29. God alles in almal kan wees. bl.219
1 Korintiërs 15:28

30. Christus is alles en in almal. bl.227
Kolossense 3:11

31. Die Vader wat ons bekwaam gemaak het. bl.234
Kolossense 1:12

32. Hy wat ons verlos het. bl.241
Kolossense 1:13a

33. In die koninkryk van die Seun van Sy liefde. bl.249
Kolossense 1:13b

34. In wie ons die verlossing het. bl.256
Kolossense 1:14

35. Die Beeld van die onsienlike God. bl.263
Kolossense 1:15

36. In Hom is alle dinge geskape. bl.271
Kolossense 1:15,16

37. In Hom hou alle dinge stand. bl.279
Kolossense 1:17

38. Hy is die Hoof van die liggaam. bl.286
Kolossense 1:18

39. In Hom woon die ganse volheid. bl.293

Kolossense 1:19

40. Hy het deur Hom alles met Homself versoen. bl.301

Kolossense 1:20

41. Julle wat vervreemd en vyandiggesind was. bl.309

Kolossense 1:21

42. Om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel. bl.316

Kolossense 1:21,22

**<u>Die kragtige gebed van die regverdige.</u>**

Lof Ps. 115 : 1 & 7.
Wet Ps. 25 : 2.

Bel Ps. 25 : 3.
Tussen Ps. 31 : 13.
Slot Ps. 66 : 2 & 8.

Lees: Jak. 5.
Teks: Jak. 5 : 16 – 18.

**“Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag. Elía was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.”**

Geliefde gemeente,

Ons lees in Eseg. 15 vers 7 en 8:

**“Ek sal my aangesig teen hulle rig: uit die vuur het hulle voortgekom, en die vuur sal hulle verteer; en julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek my aangesig teen hulle rig en die land ‘n wildernis maak, omdat hulle troubreuk begaan het, spreek die Here HERE.”**

God kan die sonde nie verdra nie, dit word gestraf tot in die derde en die vierde geslag. Die mens moet volkome bewus wees van die heiligheid van God, sodat hy Hom sal vrees, met ’n heilige vrees. Daar waar hierdie vrees ontbreek, sal die plae van Sy besoeking, oor die volk in vervulling gaan. Farao verhard hom teenoor die eerste plaag, en dan bring God ’n verdere tien plae oor hom, wat veel erger is, totdat hy uiteindelik onder die water wegsink. Wanneer die inwoners van Sodom, in die sonde volhard, vind daar uiteindelik ’n algehele verbranding plaas. So handel God ook met Sy ongehoorsame kinders.

Waarom doen God dit? Sodat hulle, sê die Here, My kan vrees en in Waarheid voor My aangesig wandel. Daar waar jy My verlaat, daar bevind jy jouself onder die vloek van die Here. Maar die begenadigde

en biddende volk, van die Here, ervaar Sy teenwoordigheid en Sy seën, in hul lewe, volgens Ps. 116 vers 12:

**"Wat sal ek die HERE vergeld vir al sy weldade aan my?"**

Hierdie biddende en self ontdekte volk, in Jesus Christus, val op hulle knieë, en hulle bely nou hulle sonde en hulle diepe afhanklikheid, voor die aangesig van die Here.

In die eerste Hoofstuk van Jakobus, vermaan die apostel die twaalf stamme wat in verstrooiing is. Hulle moet weet dat die beproewinge wat oor hulle kom, geen menslike besoekinge is nie. Hierdie beproewinge is wel bitter, maar wanneer die tyd daarvan verstreke is, sal hulle uiteindelik, in Christus, die kroon van heerlikheid ontvang. Daarom dan, ag dit louter vreugde as julle deur God versoek word, want God versoek niemand ten kwade nie.

In die tweede Hoofstuk, sien ons die opmerklike verval in die kerke, want hulle het die ryke hoër geag as die arme. Die armes is vertrap, sodat die apostel vra: "Het julle dan die geloof ontvang om so te lewe, om dan aannemers van die persoon te wees?" Reeds vanaf die tyd van Abraham, was hulle geloof, sonder die werke en hulle werke, sonder die geloof, dood.

In die derde Hoofstuk, word die oorsaak van die volk se sonde aangewys, deurdat hulle hul tonge nie intoom kan hou, ten opsigte van God en hulle naaste nie. Stange word in die perde se bekke geplaas om die hele liggaam te stuur en so word groot skepe deur 'n baie klein roer, deur die stuurman, in die stormwind gestuur. Net so word 'n groot vuur aan die brand gesteek, deur 'n baie klein vuurtjie. Let op julle tonge, sê die apostel, want, wat uit die aarde is, is uit die duiwel, maar wat uit die Hemel is, is vreedsaam en is die vrugte van geregtigheid.

In die vierde Hoofstuk, word die volk vermaan, om hulle te verneder onder die kragtige hand van die Here. Laat julle gelag in treurigheid

verander word, want julle weet nie wat môre gaan oplewer nie. Julle lewe is maar slegs soos ’n damp, wat vir ’n oomblik verskyn en dan weer verdwyn. Sê liewer: “As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen!” Maar nou roem julle in julle grootpratery!

In die vyfde Hoofstuk, word die volk vermaan om getrou te wees, sodat hulle ja, ja sal wees en hulle nee, nee. Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is daar iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En laastens, lees ons van die gebed van Elia:

**“Elia was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.”**

Elia was nie ’n beter mens as die begenadigde, ook in ons tyd nie, hy was net so ’n mens soos u en ek. Die kragtige gebed van die regverdige gaan gepaard met ’n volhardende en ’n nederige offerande in die Here. Die oë, die hande, die knieë, die mond en die hele hart moet tesame bid. In Luk. 22 vers 44, lees ons van die kragtige en worstelende gebed van ons Here Jesus:

**“En toe Hy in ‘n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.”**

Ons sien ook hoedat die opregte, geroepene, in die Here, gedurigdeur pleit, vir die behoud van die volk. Luister na die woorde van Moses in Ex. 32 vers 32:

**“Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!”**

Ook Paulus, bid terwille van sy broers, in Rom. 9 vers 3:

**"Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, wég van Christus af."**

Die opmerklike en sigbare eienskap van die gebed, van die ware aanbidders, is dat hulle, hulle hele behoud, alleen in die Here Jesus Christus stel. Alleen in en deur Christus, nader hulle tot God, die Vader, want die Gesalfde van die Vader, is hul enigste Weg, hul Waarheid en hul Lewe, wat hulle versterk! Die Heilige Gees, bewerk die opregte woorde, in die hart van die begenadigde sondaar, wat nie kan bid nie. Ons leer in Rom. 8 vers 26:

**"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."**

Die begenadigde bid nou, in Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees, die woorde van Matt. 26:

**"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."**

Die goddelose bid vir koring en vir mos op aarde, sodat hulle dit in hulle welluste kan deurbring, maar hul gebede word nie verhoor, volgens Joh. 9 vers 31:

**"En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy."**

Die Heilige Gees, bewerk die kragtige gebed, in die begenadigde, sodat die gebed alleen in die wil van God berus. Hierdie gebed, deur die werking van die Heilige Gees, het groot krag. Elia was 'n inwoner van Gilead, sy naam beteken: "Die Here is my sterkte", of: "My sterkte is in God."

Geliefdes, wat het Elia nie alles in die krag van die Here vermag nie. In 2 Kon. lees ons, hoedat hy daar op die top van die berg sit, en die owerste, met sy vyftig man, in opdrag van koning Agab, na hom kom. Dreigend het hy Elia beveel: "Man van God, die koning spreek: Kom af!" Ons lees dan vêrder in vers 10:

**"Toe antwoord Elia en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer."**

Hierna het die koning weer 'n owerste, met vyftig man, met dieselfde opdrag gestuur. Weer het Elia vuur uit die hemel gebied wat hulle verteer het. En dan lees ons in vers 13 en 14:

**"En die derde owerste oor vyftig het opgeklim en aangekom en op sy knieë voor Elia gebuig en hom gesmeek en vir hom gesê: Man van God, laat tog my lewe en die lewe van u dienaars, hierdie vyftig, kosbaar wees in u oë! Kyk, vuur het van die hemel neergedaal en die eerste twee owerstes oor vyftig met hulle vyftig verteer; maar laat my lewe nou kosbaar wees in u oë!"**

Ook daar op die berg Karmel, waar Elia tussen die agt-honderd goddelose Predikers staan, terwyl hy hulle uitdaag, om te kyk wie waarlik God is, julle god of, my God! Die God wat deur vuur antwoord, Hy is waarlik God. Terwyl hierdie dwaalleraars hulleself met messe sny en die hele dag, al om die altaar biddend skreeu, en daar steeds geen antwoord kom nie, het Elia aan die einde van die dag, op sy knieë geval en tot die Here gebid, met hierdie woorde:

**"HERE, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek u kneg, en dat ek al hierdie dinge op u woord gedoen het. Antwoord my, HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, HERE, God is, en dat U hulle hart tot U**

**laat terugkeer. Daarop het die vuur van die HERE neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer,"**

Toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en uitgeroep: Die HERE, Hy is God, die HERE, Hy is God! Hierna het Elia hierdie afgode dienaars, daar op die berg, Karmel laat slag.

Ons lees ook verder in 1 Kon. 17, van die weduwee van Sarfat, wie se seun gesterwe het, en hoedat Elia tot die Here bid:

**"HERE my God, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer. En die HERE het Elia verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, sodat hy weer lewendig geword het."**

En nou geliefdes, in die voor gelese gedeelte, word die gebed van Elia aan ons verhaal, hoedat hy vir droogte in die land bid, omdat Agab, die koning van Israel, afvallig geword het, volgens 1 Kon. 16 verse 30 en 31:

**"En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers. En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig,"**

Wanneer 'n volk ongehoorsaam word en die hoogheid van God misken, die profete leuenaars en ontrou word, dan sal God teëspoede en rampe oor so 'n volk stuur. Daarom het daar 'n verskriklike droogte en hongersnood oor die hele land gekom. Die Here het Elia beveel om by die spruit Krit te gaan wegkruip, terwyl die Here die kraaie beveel het, om hom daar te onderhou, totdat die droogte verby is.

In hierdie ellendige tyd, was Obadja die owerste oor die paleis van Agab. Hy het die Here gevrees, deurdat Hy honderd profete van die Here, in 'n spelonk weggesteek en hulle daar met brood en water onderhou het.

Vasgevang en benoud in die knellende en ellendige droogte, het Agab, Obadja na al die waterfonteine en die spruite gestuur, a.g.v. die verhongerde diere.  Terwyl Obadja op soek na water was, kom Elia hom op die pad tegemoet.  Nadat Elia Obadja oorreed het, het Obadja Elia na die koning geneem.  Maar toe Agab Elia sien naderkom, het hy hom beangs gevra:  "Is dit jy, jou beroerder van Israel?"  Maar Elia antwoord hom, volgens vers 18:

**"Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die HERE verlaat het en agter die Baäls aan geloop het."**

Nadat Elia hierdie Baälpriesters laat slag het, het hy op die berg, Karmel geklim en biddend neergebuig, voor die aangesig van die Here, terwyl hy om reën gebid het. Daarna sê hy vir sy dienaar:  "Kyk na die see."  Maar daar was niks. Toe sê hy:  "Gaan weer sewe maal."  En die sewende maal roep hy:  "Daar gaan 'n wolkie soos 'n man se hand op uit die see." Toe sê hy: "Gaan sê vir Agab: Span in en trek af, dat die reën jou nie terughou nie."En in 'n oogwink was die hemel swart van die wolke, en 'n groot reën het gekom, sodat die aarde weer sy vrugte voortgebring het.

Ja, geliefdes, vanoggend bevestig die apostel Jakobus, ook aan u en aan my, die kragtige gebed van Elia.  Wanneer u in vervolging, in benoudheid en in honger verkeer.  Sal u dan nie pleitend bid nie?  Die kragtige gebed, van die regverdige, deur die leiding van die Heilige Gees, het groot krag.  Die begenadigde in die Here Jesus Christus, ontvang die Gees van genade, net soos die profeet Elia.

Elia was 'n mens net soos u en ek, ja, 'n geringe wurmpie.  Sy grondslag was ook uit die stof van hierdie aarde.  Hy het ook sy gebreke gehad, soos enige mens.  Hoe ongelowig en mismoedig was hy, daar onder die besembos, toe hy die Here gevra het, om sy siel weg te neem!

Daarom, geliefde broeder en suster, bid en kom tot die Here, met al u node en al u kwellinge en vertwyfelinge. Hierdie droogte waarvoor Elia tot die Here gebid het, is ook vir ons vandag tot ’n vermaning en ’n teregwysing. God twis ook met die inwoners van hierdie land. Moord en doodslag heers in die land. Gruwelike misdade en bedrog word gepleeg. Die land verkeer in ’n knellende droogte, op die geestelike akker. Die profete het die Woord van die Here verlaat. Vra maar aan die oues van dae, of hulle al ooit so ’n langdurige droogte en ’n geestelike armoede onder ons volk gesien het. Almal is verwonderd en vra: “Hoekom al hierdie ellende?” Lees Deut. 28,en veral verse 28 en 29:

**“Die HERE sal jou slaan met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring, sodat jy op die middag sal rondtas soos die blinde in die donker rondtas, en in jou weë sal jy geen voorspoed hê nie; maar jy sal altyddeur net verdruk en beroof wees sonder dat daar ‘n helper is.”**

A.g.v. die ongehoorsaamheid en die volharding in die sonde, laat God al hierdie rampe oor ons kom. Die rusdag, die dag van die Here word openlik deur groot en klein, verag en geminag! Die Heilige Woord van die Here, word openlik verloën en weer opnuut tot skande gemaak. Die suiwere Leer word verwerp, deurdat die sondige mens, homself probeer verander in ’n engel van die lig! Die valse godsdienste seëvier in die land. Die Here sal hierdie volk arm maak! O geliefde broeder en suster, moet tog nie sê: “Ek het oorvloed,” want juis dit, ja dit maak u brandarm! Moet nie sê:“dit is nog geen beklemming vir u nie”, God sal dit doen, ja, u sal die strawwe van die Here sekerlik ondervind! Waar is die trane reën en die berouvolle verootmoediging, van ons as volk, voor die aangesig van die Here, weens ons sonde, ons oortredinge en ons ongeregtigheid?

Bid tot God, sodat Hy die geestelike reën van Sy Heilige Woord, in u en in my hart sal uitgiet, sodat ons verdorde harte, deur vogtig kan word, met Sy onuitspreeklike genade! Wanneer u bid, bid dan om deel van Jesus Christus te wees, en om die Gees deelagtig te word! Sug voor

die aangesig van die Here, oor u dooie en verkeerde werke! Bid en smeek, met trane in u oë, dat God die hemel sal ontsluit, sodat Sy Gees ons bekwaam in Christus, sal maak, om in Gees en in Waarheid te bid. Mag ons, soos Elia, genade ontvang, om as geregverdigde, in ons Here Jesus Christus, te kan bid, deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

AMEN.

## En daar was 'n ryk man.

Lof Ps. 33 : 6.
Wet Ps. 31 : 2.
Bel Ps. 31 : 3.
Tussen Ps. 42 : 2.
Slot Ps. 89 : 7 & 17.

Lees: Luk. 16 : 19 – 31.
Teks: Luk. 16 : 19.

**"En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe."**

Geliefde gemeente,

En daar was 'n ryk man! In 1 Petr. 5 vers 7, word die gelowige bemoedig met hierdie woorde:

**"Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."**

In Ps. 55 vers 23, word dit ook beklemtoon, met hierdie woorde:

**“Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.”**

Ook, in die woorde van Ps. 37 vers 5:

**“Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer;”**

En dan sê Paulus, in Filip. 4 vers 6:

**“Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.”**

Geliefdes, welgeluksalig is die mens, wie se hoop en wie se geloof in hierdie beloftes van die Here, gegrondves is! Deur die Genade, enin die krag van die Here, het Abraham in die geloof volhard, want terwyl hulle onderweg was na die offeraltaar, antwoord hy vir Isak: “God sal vir Homself die lam vir ‘n brandoffer voorsien, my seun.” Want, sê Abraham: “Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word.” Die natuurlike mens bekommer hom net oor die dinge van die wêreld! Maar dan sê Job, in Job. 1 vers 21: Weet julle nie . . . . .

**“Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer.”**

En tog, bly die natuurlike mens ’n ondankbare skepsel, nooit is hy tevrede en gelukkig met dit wat hy ontvang het nie. Die woorde in 1 Tim. 6 vers 8, is altyd vir ons tot lering:

**“Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees.”**

Geliefde broeder en suster, wanneer dit in u lewe nie na wense gaan nie, leer dan om ook te swyg soos Naomi! En wanneer dit goed gaan, laat die woorde in Deut. 32 vers 15, ook vir u en vir my tot ’n

waarskuwing wees! Nadat dit met Jesurun goed gegaan het, het hy God verwerp wat hom gemaak het en die steenrots van sy heil geminag. Toe dit met hom goed gegaan het, het hy uiteindelik die Here vergeet!

Wanneer iemand op ’n reis na ’n vêr land wil gaan, moet hy reeds lank voor die tyd sorg dra, dat hy alles wat noodsaaklik is in orde het, voordat hy kan vertrek. Net so sal u en ek ook, ja, elkeen van ons ook op ’n bepaalde dag, moet vertrek na ’n vêr land, na die hemel of na die hel! Elkeen moet homself afvra: “Maak ons reeds behoorlik voorsiening vir daardie dag, ja, is ons reeds in besit van dit wat waarlik nodig is? Is elkeen van ons werklik bekommerd of ons op daardie dag met die nodige en die allernoodsaaklikste toegerus sal wees? Is Jesus Christus reeds ons enigste Troos in hierdie lewe, besit ons reeds die waaragtige geloof in Hom, die heiligmaking en die opregte en die ware liefde tot die huisgenote in die geloof! Dit is die allernoodsaaklikste en die kosbare goedere wat reeds hier op aarde verkry moet word, voordat u en ek na die ewige Kanaän kan vertrek!” Luister tog na hierdie goeie raad, voordat u hiervandaan moet gaan, maak seker dat u reeds volkome gegrondves is in die vaste Fondament, Jesus Christus, waarin en waardeur u alleen die ewige Lewe sal beërwe.

Dit is opmerklik, al was hierdie man hoe ryk, sy naam word nie genoem nie, want hy was tog maar net ’n geringe skepsel, soos wat dit in Ps. 103 vers 15 bevestig word: “Die mens—soos die gras is sy dae;”Ja, nietig is die mensekind, want lees ons in Ps. 89 vers 49: “Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie, wat sy siel sal kan red uit die mag van die doderyk? Sela.” Ja, geliefdes, die leeftyd van die mens is niks anders, as ’n gestadigde dood nie! Daar is geen sondiger skepsel op hierdie aarde, as juis die ellendige mens nie! Maar, waarom noem die Here Jesus nie hierdie man se naam, maar wel die naam van Lasarus? Omdat hierdie man nie bewus was van sy sonde, sy ongeregtigheid en sy diepe ellende nie! Hy het Jesus Christus nie nodig gehad nie! Maar ons moet ook onthou, hierdie man en sy soort, sal tot aan die einde van hierdie wêreld hier wees! Baie

mense besit die sigbare eienskappe van hierdie man! Daarom noem Jesus die naam van Lasarus, maar nie die naam van hierdie man nie!

Hierdie man het 'n groot porsie van hierdie wêreld ontvang, maar ons weet ook, dat so 'n groot porsie menigmaal tot die ondergang van 'n persoon is! Hierdie man se vermoëns het so gegroei dat hy in die stad, geen ander naam gedra het as 'die ryk man', nie! Diamante, pêrels, silwer, goud, gemunt en ongemunt, purper en fyn linne, was sy eiendom! In Luk. 12 verse 18 en 19, sien ons dat die ryk man se woorde en sy gedagtes, alleen vasgevang is deur die nietige dinge van hierdie wêreld:

**"Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik."**

Wanneer u en ek die huis van 'n ryk man betree, sal ons onmiddellik die oordadigheid van die oppervlakkige, wêreldse swier en weelde bemerk! Hierdie wêreldse swier, was ook duidelik te bespeur in sy kleredrag, want hy was geklee in purper en fyn linne! Hierteenoor sien ons 'n duidelike onderskeid tussen die wêreldling en die begenadigde, in Christus, want in 2 Kon. 1 vers 8, vra koning Moab aan sy gesante wat Elia op die pad ontmoet het: 'Hoe was die voorkoms van hierdie man? "En dan antwoord hulle: 'n Man met 'n harige mantel en omgord met 'n leergord om sy heupe." Ons lees ook in Matt. 3 vers 4:"En hy, Johannes, het 'n kleed gedra van kameelhare en 'n leergord om sy heupe," In Matt. 11 vers 8,vra Jesus aan dié wat Johannes gesien het:"Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings." Ja, hulle is in die huise van die konings, maar hulle is nie onder My gevolg nie!

By dit alles, sien ons ook, dat hy 'n vrolike man was, 'n man wat in weelde geleef het! In die verwaande trotsheid van sy rykdom het hy geleef, soos een wat in Sodom gebore is, volgens Eseg. 16 vers 49:

**“Kyk, dít was die ongeregtigheid van jou suster Sodom: In trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus het sy en haar dogters geleef, maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie.”**

Die wêreld was sy woning, want sê hy in die woorde van 1 Kor. 15 vers 32:

**“laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!”**

Vrolik en in weelde het hy die een dag na die ander saam met sy broers deurgebring! Sy prag het bestaan in die veelheid van sy spyse, in die sieraad van sy gewaad en in sy vele dienaars! Hoe vêr het sy lewe nie verskil met die begenadigde in Jesus Christus? Hy was meer tuis in die wêreld en in die tente van die goddelose, as wat hy in die huis van God was! Hy het geen begeerte gehad, na die rykdom en die skatte van die hemel, wat alleen in Jesus Christus is! Luister maar na die verlange en die begeerte van Dawid, in Ps. 84 vers 11:

**“Want ‘n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid.”**

Die honde het die krummeltjies onder sy tafel opgelek, maar vir die kinders van die Here het hy geen gevoel gehad nie! Maar, sê die Here: ‘Ek kon My kinders net so ryk gemaak het! Het jy tog maar My Heilige Woord voor oë gehou, deur te handel na die woorde van Job, in Job 31, waar hy sê:’

**“As ek die armes ‘n versoek geweier het en die oë van die weduwee laat versmag het en my stukkie brood alleen geëet het sonder om die wees daarvan te laat saameet; as ek iemand sien omkom het sonder klere en dat daar geen bedekking vir die behoeftige was nie; as sy lendene my nie geseën en hy hom nie warm gemaak het van die skeersel van my lammers nie; as ek my hand teen ‘n wees beweeg**

**het, omdat ek in die poort vir my hulp gesien het—laat dan my skouer uit sy gewrig val en my arm van sy pyp afgebreek word.”**

Ja geliefdes, so kom die Here ook na u en na my en Hy sê: “Rentmeester, Ek het die ryke en die arme gemaak, oordink en luister na my woorde in Rom. 12 vers 13:

**“Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges;”**

Ook die woorde in Pred. 11 vers 1:

**“Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind.”**

Kan u dink, hoe hierdie prediking vir die fariseërs was, hulle wat ryk in hulleself is, ja, hulle wat in ’n verwaande hoogmoed op die arme en die behoeftige neerkyk? Hulle het die ore gesluit, vir die woorde van hierdie onderwysing, want, lees ons in Pred. 12 vers 11:

**“Die woorde van die wyse manne is soos prikkels; en soos spykers, diep ingeslaan, is die versamelde spreuke; hulle is deur die enige Herder gegee.”**

U wil dalk vanoggend vra: “Is daar ’n ryke onder ons?” “Ja geliefdes, daar is, daar is meer as een!” In Ps. 73, hoor en sien ons die sigbare kenmerke van die ryke: ‘Daarom is die trots om hulle soos ‘n halssieraad, die inbeeldinge van die hart loop oor.’ Geliefde broeder en suster, daar is ’n menigte van rykes in ons land, wat andersins geen ander naam dra, maar alleen as, ‘die ryk man’, bekend staan. In die prag van hul rykdom en hul kleding spog hulle en tog is dit eintlik niks anders, as om in jou skande te spog nie! Hoekom is daar ’n groter begeerte na die dinge van die wêreld, as wat daar na die Beeld van God is? Hoekom is daar ’n groter begeerte na die goud en die versiersels, as wat daar na die Huis van God is? Hoekom is die kerk nie meer sigbaar in hierdie wêreld nie! Omdat die ligsinnige en die ydele

vermaak, vandag die vreugde en die genot verskaf! Luister na die woorde van die Prediker, in Pred. 2 vers 2:

**"Van die lag het ek gesê: Dit is onsinnig! en van die vreugde: Wat verskaf dit?"**

In Luk. 6 vers 25, word ons ook gewaarsku met hierdie woorde:

**"Wee julle wat vol is, want julle sal honger ly. Wee julle wat nou lag, want julle sal treur en ween."**

Geliefde broeder en suster, al besit u en ek al die roem, al die eer en die rykdom, wat het ons uiteindelik daarvan? Ons tel ons skatte, ons bekyk ons goud, ons juwele en ons rykdom, en dan sluit ons dit weer toe en daar lê dit! Uiteindelik verderf die mot en die roes alles! U wil dalk vra: "Is al die rykes dan ongelukkig?" Nee, daar is ook rykes wat gelukkig is, hulle is min, maar hulle is die godsalige rykes, want sê Paulus in 1 Kor. 1 verse 26 tot 29:

**"Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie."**

Abraham was 'n godsalige ryk man, so ook Dawid en Hiskia. En so is daar ook tot vandag toe! Maar tog, Christus waarsku ons, in Matt. 6 vers 21:

**"want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."**

Dit is wat die mens uiteindelik ongelukkig maak, wanneer sy hart in sy goed is! Die rykdom maak die mens nie ongelukkig nie, maar die verdorwenheid van die mens met sy rykdom.

En nou kan ons sekerlik vra: "Hoe ryk is hy, wat 'n godsalige ryke is?"Geliefde broeder en suster, u sal so 'n persoon onmiddellik herken! God en Sy kerk sal die allermeeste in sy lewe wees! Die woorde in Filip. 1 vers 23, sal gedurig op sy lippe wees: 'Om by Christus te wees, is verreweg die beste;' Hy sal ywer om hom los te maak van die aardse verdorwenheid, omdat hy 'n ewigdurende verlange na God sal hê, want die woorde van Moses, in Hebr. 11 vers 26, sal hy nou ook bevestig: En Moses wat . . . .

**"die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning."**

Hierdie onverdiende weldaad van die Here, bewerk 'n algehele nederigheid in die hart van die begenadigde, sodat hy nou in verwondering uitroep: "Ag Here, ek, ontvang ek nou 'n dubbele porsie?" Hierdie ontferming, uit louter Genade, bewerk nou ook 'n opregte liefde tot die naaste! Nou weet u regterhand nie wat u linkerhand doen nie!

Ons ken almal die uiteinde van die ryk man se lewe! Ja, geliefde broeder en suster, die geskiedenis van die ryk man, in Luk. 16, herhaal hom vandag nog dikwels, en nog steur die mens hom nie aan hierdie dringende waarskuwing nie! Wanneer 'n ryk man aan die einde van sy lewe kom en u hom daar op sy siekbed besoek, vra hom: "Hoe is dit gesteld, met u geestelike gesondheid? Dan sal hy u antwoord: "Ek het nie tyd gehad nie, want ek moes dan hier en dan daar gewees het!" Vra dit ook aan die arm man, en hy sal u dieselfde antwoord gee: "Ek het nie tyd gehad nie!" Van vroeg tot laat moes ons, ons brood win! Hulle aardse reis het tot 'n einde gekom, die tyd het aangebreek om te vertrek, en geliefdes, so sterf hulle uiteindelik sonder die allernoodsaaklikste, en so word hulle in die ewige verderf wakker!

Maar die godsalige ryke, die ryke in Jesus Christus, hulle wat die godsaligheid besit, dank die Here vir Sy onuitspreeklike barmhartigheid en Sy goedertierenheid!

AMEN, ja AMEN.